

# DIE EMOSIONELE TOESTAND VAN GENERAAL SIR GEORGE POMEROY-COLLEY (1835-1881) TYDENS DIE SLAG VAN AMAJUBA

G.D. Campbell\*

*Posbus 51, Komatipoort, 1340*

J.F. Wilmans

*Akademie Inligtingdiens, Universiteit van Pretoria,  
Pretoria, 0002*

**The emotional state of General Sir George Pomeroy-Colley (1835-1881) during the Battle of Amajuba**

George Colley had a brilliant career as a military administrator, but had never seen military action when he was appointed as commander of the British forces in Natal in 1880. Soon he had to contend with a military operation, the scope of which he could not have foreseen when he marched on the rebellious Transvaal Boers at the beginning of 1881. After suffering serious losses inflicted by the Boers at Laingsnek on 28 January and at Schuinshoogte on 8 February, the British force of about 579 officers and men were crushingly defeated at Amajuba on 27 February, leaving 286 dead - including Colley himself. The Boer casualties numbered three.

Soon after the battle questions were raised about the reasons for Colley's misjudgements at the three battles. Lack of experience alone could not account for the magnitude of his blunders. It was reported that he had been sleeping during the battle and had been wakened twice. His officers had not been given any indication of his plan of action. Certain reports and rumours had it that Colley had had serious emotional problems on the eve of the battle and that he seemed to have lost contact with reality. These are investigated and psychological knowledge is applied in an attempt to find answers to the baffling questions raised over the century after the battle.

George Colley het 'n skitterende loopbaan as militêre administrateur gehad, maar toe hy in 1880 as bevelvoerder van die Britse magte in Natal aangestel is, het hy nog nooit aksie in die veld gesien nie. Hy raak spoedig in 'n militêre operasie betrokke waarvan hy nie die omvang beseft het nie toe hy begin 1881 teen die opstandige Boere van die Transvaal opruk. By Laingsnek word hy op 28 Januarie gevoelige verliese toegedien en ook op 8 Februarie by Schuinshoogte. Maar op 27 Februarie word die Britse mag van 579 offisiere en manskappe verpletterend by Amajuba verslaan. Colley sneuwel saam met 286 ander soldate. Die Boere se ongevalle was drie.

Spoedig na die slag begin vrae aangaande die rede vir Colley se oordeelsfoute tydens die drie veldslae opduik. Gebrek aan ondervinding was nie genoegsame verklaring vir die omvang van sy mistastings nie. Daar is berig dat hy tydens die slag geslaap het en twee maal wakker gemaak moes word. Hy het sy offisiere glad nie ingelig oor sy strategie nie. Verslae en gerugte dui daarop dat Colley ernstige emosionele probleme die aand voor die slag ondervind het en dat hy voeling met die werklikheid verloor het. Dit word in die artikel ondersoek en kennis van die psigologie word ingespan in 'n poging om 'n antwoord op die raaisels wat reeds 'n eeu geva word te vind.

## Inleiding

Die doel van hierdie studie is nie om die Slag van Amajuba wat op 27 Februarie 1881

---

\*Senior Internis: Thembahospitaal, Kabokweni, Kangwane.

*Historia 38(1), Mei 1993*

1881 plaasgevind het, in besonderhede te bespreek nie, maar slegs om meer lig te probeer werp op 'n enkele aspek daarvan, naamlik die optrede van die Britse bevelvoerder, generaal sir George Pomeroy-Colley voor en tydens die slag.<sup>1</sup> Reeds onmiddellik na afloop van die slag was dit duidelik dat Colley se gedrag afgewyk het van wat gewoonlik van 'n aanvoerder verwag word. Aangesien Colley self tydens die slag gesneuwel het, was dit nie vir sy tydgenote moontlik om hom persoonlik oor die fiasko van die slag te ondervra nie. Die benadering was dus om te probeer vasstel of sy emosionele toestand, sover dit aan andere bekend was, iets daarmee te doen kon gehad het. Soms wyk die metode van die ortodokse af en kan gevolglik miskien onaanvaarbaar vir party historici wees. Die gevolgtrekkings, waar dit moontlik was om gevolgtrekkings te maak, maak egter geen aanspraak op finaliteit nie en daar wil eerder volstaan word met suggesties en vrae.

### Agtergrond van generaal sir George Pomeroy-Colley se lewe en loopbaan


George Colley is op 1 November 1835 in Dublin, Ierland, gebore. Hy was die derde en jongste seun van die edele George Francis Colley van Ferney, graafskap Dublin, (voorheen Pomeroy) en sy vrou Frances, derde dogter van Thomas Trench, die deken van Kildare en kleinseun van die vierde burggraaf Harberton.

As jong seun het hy die geleentheid gehad om met sy ouers vir ses jaar in Europa te toer. Hy het oor 'n wye algemene kennis beskik en ook Frans en Duits leer praat. Van sy dertiende tot sestiende jaar is hy aan die Royal Military College op Sandhurst verbonde en verower die eerste plek in sy klas. Sy rang as vaandrig in die Tweede Regiment (of Queen's Foot) op 28 Mei 1852 is nie gekoop soos die gebruik daardie tyd was nie, maar is deur sy bekwaamheid verwerf. Vir die volgende twee jaar doen hy diens by die regimentsdepot van Kinsale in Ierland. In Augustus 1854 word hy as luitenant na die Kaapse Oosgrens gestuur. Sy regimentsdiens doen hy by die grenspos te Middeldrif in Brits-Kaffrarië. Hy lê ook 'n nedersetting naby King William's Town aan. Voordat die werk afgehandel is, ontvang hy opdrag om opmetingswerk tussen die Mbashe- en Keirivier te doen. Hy word ook grensmagistraat van die streek. Hierdie werk word in Desember 1858 onderbreek toe hy saam met die Queen's Foot vir aktiewe diens na China gestuur word. Na afloop van die oorlog in November 1860 vertrek die regiment na Engeland, maar Colley wat in Desember 1860 tot kaptein bevorder is, bly in Suid-Afrika agter om die opmetingswerk te voltooi.<sup>2</sup>

Colley se begeerte om graag 'n stafkursus by die stafkollege op Sandhurst te volg word vervul toe die geleentheid hom in Maart 1862 gebied word. Hy onderskei hom weer in die tweejaarkursus toe hy dit reeds in November van dieselfde jaar voltooi en terselfdertyd die meeste punte behaal. Vir sy diens aan die Kaapse Oosgrens word hy op 6 Maart 1863 tot majoor bevorder. Hierna dien hy as brigademajoor, tree as eksaminator vir militêre geskiedenis op en in 1870, op vyf en dertigjarige ouderdom, is hy betrokke by die reorganisasie van die Britse leër. In die daaropvolgende jaar word hy hoogleraar van Militêre Administrasie en Militêre Reg op Sandhurst. Hierdie pos beklee hy vir die volgende twee jaar en in hierdie tyd skryf hy ook die artikel, "Army" vir die negende uitgawe van die *Encyclopaedia Britannica*.<sup>3</sup>

Op 4 Desember 1873 het Colley, nou luitenant-kolonel, na die Goudkus vertrek om sir Garnet Wolseley in die Ashanti-veldtog by te staan. Die transportdienste het gedreig om ineen te stort en hy reorganiseer dit op 'n vernuftige en doeltreffende manier. Vir dié diens word hy op 31 Maart 1874 tot kolonel bevorder. Skaars terug in Engeland, word hy in 1875 met sir Garnet Wolseley na Natal gestuur waar hy tydelik as koloniale tesourier aangewys word. Hy help ook om die Natalse grondwet te wysig. In dié tyd besoek hy die ZAR onder die dekmantel dat hy oor die pos- en

1. Dank word teenoor professor A. McE. Lamont, voorheen professor in Psigiatrie aan die Universiteit van Rhodesië en die Universiteit van Pretoria, uitgespreek vir sy aandeel aan die navorsing wat tot die skryf van hierdie artikel gelei het.
2. W.J. de Kock, (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Kaapstad, 1972), p. 139.
3. Londen, 1875.



**Figuur 1:** Generaal sir George Pomeroy-Colley (1835-1881). Uit: F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals, *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur Onderhandeling 1877-1884* (Pretoria, 1980), p. 145.

telegraafwese wou onderhandel, maar met die eintlike doel om die Transvaal se militêre sterkte en die Transvalers se houding teenoor lord Carnarvon se federasieplan vir Suid-Afrika te peil.

Sy volgende pos is dié van assistent-kwartiermeester-generaal in Aldershot. Vroeg in 1876 word hy as lord Lytton, onderkoning van Indië, se militêre en later private sekretaris aangestel. Hy pak talle administratiewe en militêre probleme met welslae aan. Teen die einde van 1877 vertrek hy met verlof na Engeland, en 'n paar maande later, in Maart 1878, trou hy met Edith Althea Hamilton, dogter van generaal-majoor H. Meade Hamilton en suster van die latere generaal Bruce Hamilton.<sup>4</sup> Sy diens in Indië word weer onderbreek toe hy in Mei 1879 na Natal vertrek waar hy as stafhoof vir Wolseley optree. Sy opdrag was om sake in Transvaal en Zoeloeland reg te stel. Drie maande later is hy egter deur Lytton vir dringende sake na Indië terugge-roep, maar op 24 April 1880 word hy as bevelvoerder, Natalse Goewerneur en Hoë Kommissaris vir Suidoos-Afrika in Wolseley se plek aangestel. Hy verwerf nou die rang van generaal-majoor en skryf sy van voortaan as Pomeroy-Colley.

In Suid-Afrika het probleme op hom gewag. Die Zoeloes verkeer in onderlinge stryd en die Transvalers is vasbeslote om hulle onafhanklikheid terug te wen. Vir die eerste keer in sy loopbaan is hy verplig om ernstige probleme sonder 'n mentor aan te pak. Hy was egter 'n bekwame administrateur en 'n skrandere student in oorlogvoering, hoewel hy nog nooit troepe in aksie gelei het nie. Niemand het egter aan sy bekwaamheid getwyfel nie.<sup>5</sup> Met die aanvang van die Vryheidsoorlog in Desember 1880 voel Colley hom verplig om die besette Britse troepe in Transvaal te ontset. Hy voeg daad by die woord en ruk met 1 200 manskappe na Transvaal op, maar sy tog word by Laingsnek deur die Boere versper. Tydens die gevegte by Laingsnek op 28 Januarie en Schuinshoogte op 8 Februarie 1881, ly die Britse mag gevoelige verliese.<sup>6</sup> Voor hierdie gevegte het die Britse regering deur middel van president J.H. Brand van die Oranje-Vrystaat aan Transvaal te kenne gegee dat hulle tot 'n skikking bereid sou wees. Die terugslae het Colley aangespoor om 'n sterker stelling te verower ten einde sy eie en Brittanje se militêre aansien te herstel en om hulle so in 'n sterker posisie tydens die onderhandelinge te plaas.

Nadat versterkings onder sir Evelyn Wood by Newcastle aangekom het, het Colley Amajuba gedurende die nag van 26 Februarie 1881 met minder as 400 man beset. Hy was oortuig van sy onoorwinlike posisie bo-op die berg en dat die Boere gedwing sou word om Laingsnek te ontruim. Hy was seker dat die berg nie van onder af aangeval sou kon word nie; dus het hy dit nie oorweeg om skanse te laat maak nie.<sup>7</sup> Hy het hom egter deeglik misgis en op 27 Februarie 1881 verdryf die Boere die Britse troepe en sneuwel Colley self toe 'n koeël hom in die voorkop tref. Tog was sy einde nie sonder onderskeiding nie, want hy lê persoonlike dapperheid aan die dag te midde van die chaos tydens die Britse terugval.

Colley lê saam met die ander gesneuweldes in die Britse militêre begraaftplaas op Mount Prospect naby Amajuba.<sup>8</sup>

### Aanloop tot die Slag van Amajuba

Die Slag van Amajuba op 27 Februarie 1881 was ongetwyfeld die belangrikste slag van die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog. Dit was die laaste geveg van die oorlog

---

4. W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 140.

5. *Ibid.*

6. 'Laing's Nek 28 January 1881; Schuinshoogte 8 February 1881', *Pretoriana* 81, Julie 1981, p. 50.

7. G.R. Duxbury, *David and Goliath: The First War of Independence, 1880-1881* (Johannesburg, 1981), pp. 39-40.

8. *Ibid.*, p. 44; J. Cromb (red.), *The Majuba disaster: A history of Highland heroism* (Dundee, 1891), pp. 37-38; T.F. Carter, *A narrative of the Boer War: its causes and results* (Londen, 1896), pp. 313-314.

en minder as 400 het aan elke kant tydens die slag geveg.<sup>9</sup> Sy oorsaak lê in die poging van lord Carnarvon, Britse Minister van Kolonies, om 'n federasie van Suid-Afrikaanse state onder die Britse vlag byeën te bring. Die Afrikaners was reeds sedert die begin van die Negentiende Eeu met die Britse imperialisme bekend. Die Groot Trek van die jare dertig was hulle poging om aan hierdie imperialisme te ontvlug, maar hulle was nie in staat om die inpalmsdrang daarvan te ontvlug nie. Teen 1842 is Natal weer onder Britse bestuur en in 1848 volg die Transoranjie toe sir Harry Smith dit tot Britse gebied verklaar. Britse beheer word in 1868 oor Basoetoland uitgebrei en in 1871 word die Diamantvelde van Griekwaland-Wes tot 'n klimaks gedryf toe sir Theophilus Shepstone Transvaal op 12 April 1877 annekseer. Aanvanklik wou die Transvaalse regering die anneksasie op 'n vriendskaplike wyse ongedaan maak. President T.F. Burgers versoek die burgers om hulle kalm te gedra en 'n drie jaar lange protesbeweging of lydelike verset volg.<sup>11</sup> Toe daar egter aan hulle deputasies, onderhandelinge en versoeke geen gehoor gegee is nie, word teen die einde van 1880 tot gewapende verset oorgegaan.<sup>12</sup>

Die eerste gewapende botsing was op 16 Desember 1880 op Potchefstroom.<sup>13</sup> Dit is gevolg deur die Slag van Bronkhorstspuit op 20 Desember, waar Britse versterkings uit Lydenburg onder aanvoering van kolonel P.R. Anstruther van die 94th Regiment hulle by Bronkhorstspuit teen die Boere vasgeloop het. Na 'n hewige geveg van tien minute gee 'n swaar gewonde Anstruther aan die Boere oor.<sup>14</sup> Op 28 Januarie 1881 word majoor Brownlow en sy ruitery by die Slag van Laingsnek verslaan en kom daar 'n keerpunt in die oorlog.<sup>15</sup> Colley val terug en wag by die Britse basis op Mount Prospect op versterkings. Ondertussen versterk die Boere hulle verdedigingstellings deur skanse op te rig en slote te grawe.<sup>16</sup> Tydens die geveg by Schuinshoogte (Ingogo) op 8 Februarie word Colley en sy troepe onkant betrap en dié geveg verloop ook ten gunste van die Boere.<sup>17</sup>

### Verloop van die Slag van Amajuba

Na die eerste gevegte in Natal het Colley besef dat die burgers dapper vegters en dodelike skuts was. Hulle het verspreid geveg, vinnig beweeg en uitstekend van dekking gebruik gemaak. Kanonvuur kon dus nie doeltreffend teen hulle aangewend word nie. Colley se troepemag was ook te klein om die Boeremagte aan te durf. Daar kon egter nie langer op troepeversterkings gewag word nie en Colley wou die neerlae wat hy gely het met 'n goeie oorwinning uitwis.<sup>18</sup> Hierdie oorwinning wou hy behaal voordat 'n wapenstilstand dalk gesluit word.<sup>19</sup> Die besetting van Amajuba was vir hom 'n geleentheid om verlore aansien te herwin. Hierdie planne het hy egter dig gehou.<sup>20</sup> Op 26 Februarie 1881 is ongeveer 579 offisiere en manskappe beveel om aan te tree en met 'n nagmars te begin.<sup>21</sup> Die swaarbelaaide soldate is in

9. M.C. van Zyl, *Majuba: die onafhanklikheidsoorlog van die Transvaalse Afrikaners (1880-1881)* (Kaapstad, 1981), p. 7.

10. *Ibid.*, pp. 10-11.

11. *Ibid.*, p. 14.

12. *Ibid.*; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, pp. 1-2.

13. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 37.

14. G.R. Duxbury, *David and Goliath*, pp. 9-13; M.C. van Zyl, *Majuba*, pp. 40-44; T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, p. 131.

15. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, pp. 162-163.

16. M.C. van Zyl, *Majuba*, pp. 57-60.

17. *Ibid.*, pp. 62-66; A.P.J. Opperman, *Die Slag van Majuba* (Johannesburg, 1981), p. 34.

18. G.R. Duxbury, *David and Goliath*, p. 31.

19. *Ibid.*, p. 36; M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 69.

20. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, pp. 253-254; J. Cromb (red.), *The Majuba Disaster*, p. 10.

21. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 72.

enkelgelid teen die steil berghange uit.<sup>22</sup> Die offisiere is egter met geen opdragte oor die verdere plan van aksie gelaat nie. Amajuba se kruin vorm 'n driehoekige plato waarvan die noordelike, suidelike en oostelike punte heelwat hoër geleë is. Na die binnekant is 'n grasbedekte kom.<sup>23</sup> Die troepe is op verskeie stellings twaalf meter uitmekaar op die platorand geplaas.<sup>24</sup> Colley se hoofkwartier, die veldhospitaal en twee waterputte is op die laagste gedeelte ingerig. Die natuurlike verskansing het Colley op sy gemak gestel en daar is nooit behoorlik ingegrawe nie.<sup>25</sup> Selfs die troepe, met hul rooi baadjies en wit helms duidelik sigbaar vir die Boere, was selfvoldaan en het uitdagend vir die vyand vuus gewys.<sup>26</sup> Hulle het selfs enkele skote op die Boerebrandwag gevuur.<sup>27</sup>

Hoewel vredesonderhandelinge ten tyde van Colley se besetting van Amajuba reeds aan die gang was, was genl. Piet Joubert steeds op sy hoede vir 'n moontlike aanval. Die burgers word voortdurend op patrollie uitgestuur, skanse word gebou en stellings verbeter.<sup>28</sup> Spitskop, soos die Boere Amajuba genoem het, is snags deur brandwagte beman. Weens 'n misverstand is geen brandwagte op die nag van 26-27 Februarie op die kruin geplaas nie. Toe die Boere agterkom dat die Britte Amajuba beset het, word Frans Joubert (1827-1904), assistent-kommandant-generaal, en Nicolaas Smit (1837-1896), veggeneraal, beveel om die vyand van Amajuba te gaan aphaal. Ongeveer 150 vrywilligers sluit hulle by die twee aan. Hulle aanvalstaktiek was dié van dekkingsvuur en beweging. Die ouer burgers word aangesê om vanuit hulle skuilings aan die voet van die berg na die platorand te vuur waaragter die Britse soldate geskuil het.<sup>29</sup>

Die res van die Boeremagte is onder die aanvoerders verdeel waarna Amajuba op verskeie punte bestyg word. Teen 11:00 was die burgers besig om hulle op Amajuba vir die aanval te ontplooi. Hulle aanwesigheid ontstel Colley en sy manskappe blykbaar geensins nie. Selfs nadat kommandeur Romilly (R.N.) dodelik gewond is, was Colley steeds gerus en het luitenant-kolonel H. Stewart en luitenant Bruce Hamilton se raad in die wind geslaan.<sup>30</sup> Die eerste geweervuur is op Gordon's Knoll, wat deur Skotte beset was, gekonsentreer. Die meeste van hulle word deur die Boere se akkurate vuur afgemaai.<sup>31</sup> Aan Boerekant begin die getalle toeneem en binne 'n kort tydjie word 'n groot deel van die Britse magte uit verskeie hoeke uitgewis. Sommige Britse soldate slaan op vlug, maar dié op MacDonaldkoppie bied tot die laaste toe weerstand.<sup>32</sup>

'n Halfuur nadat die geveg op die kruin begin het, was die slag gelewer. Die burgers agtervolg die vlugende soldate en skiet op hulle. Van hulle gly teen die steiltes af en stort oor die afgrond. In die doodsnikke van die geveg sneuwel Colley self.<sup>33</sup> Van die 359 man wat Amajuba beset het, het drie offisiere en 93 manskappe gesneuwel, agt offisiere en 109 manskappe is gewond en sewe offisiere en 49 manskappe is krygsgevangene geneem. Aan Boerekant het net Johannes Bekker gesneuwel. Hy is dieselfde dag nog bokant genl. Joubert se laer begrawe. Tot vandag is sy graf egter nooit gevind nie.<sup>34</sup> Johannes Groenewald en ene Mouton het later aan hulle wonde beswyk.<sup>35</sup>

---

22. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, p. 255.

23. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 74; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, p. 39.

24. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 76.

25. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 76; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, pp. 39-40.

26. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, p. 262.

27. *Ibid.*, p. 262; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, p. 40; J. Cromb (red.), *The Majuba Disaster*, pp. 14-15.

28. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 80.

29. *Ibid.*, p. 82; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, p. 41.

30. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 84.


31. J. Cromb (red.), *The Majuba Disaster*, p. 25; G.R. Duxbury, *David and Goliath*, p. 41.

32. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 88; J. Cromb (red.), *The Majuba Disaster*, pp. 17, 43.

33. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, p. 285; M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 88.

34. 'Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881: name van die 48 burgers wat omgekome het', *Pretoriana* 81, Julie 1981, p. 42.

35. M.C. van Zyl, *Majuba*, p. 88.



Figuur 2: Die kruin van Amajuba.  
 Uit: A.P.J. Opperman, *Die Slag van Majuba* (Johannesburg, 1981), p. 45.

Gedurende Maart 1881 is met die vredesonderhandelinge op O'Neill se plaas voortgegaan wat op die ondertekening van die Pretoria Konvensie op 25 Oktober 1881 en die Londen Konvensie van 27 Februarie 1884, presies drie jaar na Amajuba, uitgeloop het en waardeur die Transvaal sy onafhanklikheid herwin.<sup>36</sup>

### Colley se optrede op Amajuba soos in enkele persberigte en ander geskrewe bronne weerspieël

In die *Natal Mercury* van 6 April 1881 word uittreksels uit *The Spectator* en *The Morning Post* onder die opskrif "The Amajuba disaster: how the news was received in England", aangedui dat Colley 'n groot flater begaan het. Aanhalinge soos "The country loses in Sir George Colley an officer of fine character, much ability, and terrible rashness, the result of extreme selfconfidence, acting on a temperament to which fear was unknown", (*The Spectator*) en "General Colley, for the third time, has advanced to attack the enemy and for the third time his strategy has ended in disaster" (*The Morning Post*), staaf hierdie bewerings. *The Spectator* beskryf Colley as "an ambitious, active, and rising man (who) ... must have burned to retrieve his prestige while Sir Evelyn Wood was absent, and while there was no chance of victory being credited to his comrade's superior strategical skill."<sup>37</sup>

Colley is deur sy mede-offisiere hoog aangeskryf. In 'n brief van 6 Januarie 1881 aan sir Evelyn Wood, skryf lord Roberts dat hy bly is dat iemand so bekwaam soos Colley bevel in Natal kon voer.<sup>38</sup> Daarenteen berig Michael Barthorp in 1987 in sy boek *The Anglo-Boer Wars, 1858-1902* soos volg oor die ramp: "Stewart (a cavalryman) who was in the best position to know, thought Colley reckoned, by preying on the Boer fear of being outflanked, that he could force them to abandon the Nek without firing a shot, never imagining they would risk an assault on such a dominant position ... It is possible that, worn out by over-work and a feeling that he had been deserted by the good fortune that had hitherto attended his career, he had lost confidence in himself and this, added to a presentiment of death, began so to unhinge him that, as events continued to oppose him, while outwardly preserving his customary calm demeanor, he had actually lost touch with reality."<sup>39</sup>

Hierdie gevolgtrekking word versterk deur wat Colley self op 5 Februarie 1881 aan sy vrou geskryf het. Hy ontken dat hy oormoedig en té gerus by Laingsnek opgetree het, maar sien homself eerder as iemand wat bereid is om probleme raak te sien en iets daadwerklik te doen om dit te oorkom.<sup>40</sup> Die neerlae by Laingsnek en Schuinshoogte het Colley wel diep geraak. Oënskynlik het hy normaalweg voortgegaan, maar in 'n brief aan sy suster, Lily, op 16 Februarie 1881, word sy gedagtegang anders vertolk. Hy skryf hier dat hy dit moeilik vind om sy gemoedstoestand in woorde uit te druk en voeg daarby: "I have suffered terribly in these two actions. Every single officer who was immediately on my staff, and with whom I and Edith had become intimate, is gone ... There seems a fatality about every one connected with me ..." Hy vervolgt dat, aangesien hy opgewek voorkom, mense mag dink dat hy ongevoelig is, maar, "sometimes it is very hard not to break down".<sup>41</sup>

Colley se biograaf, W.F. Butler, het hom op die vooraand van Amajuba soos volg beskryf: "Those who were with him describe his manner as being perfectly cheerful; his conversation easy; no sign of pre-occupation or anxiety of mind about him."<sup>42</sup> Waarskynlik het Colley 'n front voorgehou en Butler beweer dat Colley se briewe vir weke reeds sy kwynende geluk weerspieël het en "that even the officers most closely associated with him ... shared ... the shadow of his altered fortune."<sup>43</sup> Butler

36. *Ibid.*, pp. 95, 99.

37. *Natal Mercury*, 6-4-1881, p. 3.

38. *M.S. Wood Papers*, File 5, KCM 50996, 10(97).

39. M. Barthorp, *The Anglo-Boer Wars, 1815-1902* (Durban, 1987), pp. 41-42.

40. W.F. Butler, *The life of Sir George Pomeroy-Colley, 1835-1881* (Londen, 1899), p. 292.

41. *Ibid.*, pp. 311-312.

42. *Ibid.*, p. 365.

43. *Ibid.*, p. 366.



haal ook aan uit die laaste brief wat Colley aan sy vrou op die vooraand van Amajuba geskryf het: "Don't let all life be dark to you if I don't come back to you... How I wish I could believe the stories of meeting again hereafter; but it is no use complaining because things are not as one might wish - one must brace oneself to meet them as they are. Think of our happiness together, and our love - not a common love, I think - and let that be a source of comfort and light to your future life..."<sup>44</sup> Colley het aanvanklik ook seker gemaak dat sy vrou se broer, luitenant Bruce Hamilton, sy aide-de-camp, nie vir die nagmars gewek word nie. Aan die kapelaan, Ritchie, het hy gesê: "I don't mean to take him tonight. There seems a kind of fatality about my staff. If anything were to happen to him, it would kill his sister".<sup>45</sup>

Daar is egter teenstrydige verslae oor Colley se bewegings op Amajuba. So skryf A.P.J. Opperman in 1981 dat toe Hamilton die middag ongeveer kwart voor een aan Colley wou berig dat ongeveer 400 burgers om die bergkruin saamgetrek het, hy Colley aan die slaap gevind het.<sup>46</sup> In die biografie ontken Butler dit egter en voer aan dat Colley "kept moving about round the lines. He never rested for more than a few minutes together, but there was no sign of excitement or trepidation about him. Everything he did was in his usual deliberate, quiet, cool manner".<sup>47</sup> Dit was egter voordat sy vriend, kommandeur Romilly, gesneuwel het. Op daardie oomblik "the face of the General wore a grave and reserved expression. Another old friend had fallen at his side".<sup>48</sup> Aan die anderkant beskryf Joseph H. Lehmann Colley in 1972 sô: "More difficult to refute is the argument that Colley, thirsting for success in order to satisfy a 'military ambition that literally possessed him', had lost his judgement impaired by repeated failures. Before the Majuba battle, observers in camp noticed that the general did not appear to be himself... Nervous and impatient, he seemed to be 'driven by a demon' - it was darkly hinted that the demon was his wife".<sup>49</sup>

Wat ookal die oorsaak vir die Amajuba fiasko was, is Colley nie as sondebok gesien nie, want "it was Colley's good fortune to have atoned for his failure with a soldier's death".<sup>50</sup>

### Colley se gedrag tydens die Slag van Amajuba

Die Slag van Amajuba was van die begin af 'n algehele katastrofe vir die Britte. Hiervoor moet Colley, as aanvoerder, grootliks die blaam dra, net soos hy dit vir die neerlae by Laingsnek en Schuinshoogte moes dra en dit openlik voor sy manskappe erken het.

Colley het uit die hoër stand gekom - sy vader was 'n generaal en het in die aristokrasie ingetrou - maar dit kon nie vir sy flaters vergoed nie. 'n Sinikus sou seker kon sê dat hy met sy lewe vir sy dade geboet het. Maar waarom was hy bereid om soveel ander soldate met hom saam te neem? Hierdie "soldier's death" kon miskien 'n bekoring vir grootmoedige en romantiese Britse sentiment gehad het. In die harde werklikheid was dit duidelik dat sy teoretiese kennis sy ervaring op die slagveld en die uitvoerbaarheid van hierdie kennis in 'n oorlogssituasie vër oorskry het. Dit is wel waar dat hy groot aansien vir sy teoretiese kennis verwerf het toe hy in lord Cornwallis se kommissie vir hervormings in die Britse Weermag gedien het. Maar hier in Suid-Afrika het hy ongelukkig te staan gekom teen wat deur sir Winston Churchill beskryf is as "the greatest mounted rifleman of all time" - die Boeresoldaat.<sup>51</sup> Waar

---

44. *Ibid.*, pp. 367-368.

45. *Ibid.*, p. 369.

46. A.P.J. Opperman, *Die Slag van Majuba*, (Johannesburg, 1981), p. 56.

47. W.F. Butler, *The life of Sir George Pomeroy-Colley 1835-1881* (Londen, 1899), p. 388.

48. *Ibid.*, p. 391.

49. J.H. Lehmann, *The First Boer War* (Londen, 1972), p. 234.

50. *Ibid.*, p. 264.

51. G.D. Campbell, *Navorsingstuk*, p. 4.

die Boer om sy lewe en sy land geveg het, was die Britse soldaat 'n professionele gevegsman. Indien 'n mens jou in Colley se skoene sou stel, sou jy vind dat hy 'n volslae snob was; totaal uit voeling met die voorvereistes van 'n bevelvoerder in wat toe 'n "moderne" oorlog was. Sy onvermoë is vererger deurdat hy sy mislukking aan die noodlot toegeskryf het. Een van sy kapteins het opgemerk: "Colley was not fit to be a corporal of a guard", en Boere-uitlatings soos dat die Britse soldate leeus was wat deur esels gelei is, is ook bekend.<sup>52</sup>

Dit is nodig om die moontlikheid te oorweeg dat Colley moontlik in 'n toestand van depressie verkeer het. Depressie is 'n gemoedstoestand wat dikwels op groot persoonlike verlies volg. Drie stadiumme word onderskei. Aanvanklik word geweldige droefheid ervaar wat met angs en woede afgewissel word. Daarna volg depressie - 'n toestand van verlaagde metaboliese werking, waarskynlik om die persoon geleentheid tot herstel te bied. Laastens volg die rouproses ("mourning work") waar die persoon hom met die verlore voorwerp of omstandigheid identifiseer - in Colley se geval die neerlae by Laingsnek en Schuinshoogte. In hierdie fase probeer die persoon sy innerlike verbeeldingswêreld onder die loep neem en verloor daardeur kontak met die werklike lewe.

Die onderskeid tussen normale depressie en diep psigotiese depressie is nie baie duidelik nie. Colley was waarskynlik nie in staat om deur die normale stadia van herstel van sy verlies aan eiewaarde en die dood van een van sy belangrike mede-offisiere te kom nie. En hierby moet nog die dood van talle van sy ander manskappe in berekening gebring word. As 'n mens Colley se gedrag met algemene patrone van selfmoordgevalle vergelyk, kom jy onwillekeurig tot die gevolgtrekking dat die ewewig in sy gemoed versteur was. Die noodlottige verwonding van sy beste vriend, kommandeur Romilly,<sup>53</sup> om presies 11:00, moes ongetwyfeld tot sy algemene toestand van twyfel en wanhoop bygedra het, hoewel hy dit probeer wegsteek het agter sy oënskynlike opgetoënheid oor die suksesvolle besetting van die kruin deur sy manskappe. Alle weergawes dui daarop dat dit vanaf Romilly se verwonding was dat Colley kontak met sy omgewing verloor het. Romilly was sy vriend en vertroueling op wie hy staat gemaak het wat as sy tweede-in-bevel in Natal moes optree wanneer hy self die Transvaal binneval. En nou was hy skielik nie meer daar nie.

Dit is ook belangrik om te let op die sleutelmoontlikheid van die rol wat alkoholinnames kon gespeel het. Die feit dat Colley ongeveer op die middaguur gaan lê het, is belangrik. Volgens Carter, die *Natal Times* en *Daily Telegraph* se korrespondent wat Colley vergesel het, was hy bly om water in 'n vlak put te vind wat hulle gegrawe het sodat hulle hul jenewer kon verdun.<sup>54</sup> 'n Mens kan jou die selfingenome generaal met sy vals gevoel van veiligheid voorstel waar hy met sy manskappe op die hoogste en veiligste kruin vir etlike kilometers verkeer het. Hy was seker dat die Boere uit hulle skanse sou onttrek en miskien het hy en sy offisiere besluit om 'n glasië daarop te klink.

Daar moet in ag geneem word dat Colley twee maal tydens die geveg gaan lê het - eenkeer nadat hy sy manskappe beveel het om die berg vir drie dae te beset en daarna weer 'n keer, terwyl hy deeglik bewus was van 'n naderende Boeremag. Kon dit dalk die gevolg van een of ander intellektuele versteuring gewees het, of van 'n groot gevolg van een of ander intellektuele versteuring gewees het, of van 'n groot mate van selfingenomendheid of van 'n stewige aantal opkickers? Sulke gedrag in die aangesig van naderende gevaar kan nie aan iets anders as 'n versteurde gemoedstoestand toegeskryf word nie. Sy onwilligheid, twee maal, om op aanbeveling van sy swaer, luitenant Hamilton, die troepe te beveel om die Boere met gevelde bajonette aan te val, versterk die vermoede dat, indien sy alkoholinnames bui-

52. *Ibid.*, p. 4.

53. T.F. Carter, *A narrative of the Boer War*, p. 268.

54. *Ibid.*, p. 266.

te rekening gelaat word, hy 'n totale intellektuele ineenstorting moes gehad het. Alkoholgebruik tree beslis belemmerend op tydens stadium drie van depressie, die rouproses. Soos 'n beer wat sy essensiële funksies tydens oorwintering onderdruk om sy reserwes weer aan te vul wanneer die sneeu smelt, lyk dit of hierdie aanvoerder wat twee maal tydens 'n veldslag gaan slaap het ook op só 'n manier miskien sy kragte wou herwin.

Colley se katastrofiese veldtog in Natal kan verder aan die uitwerking van die "sisteem" toegeskryf word. Die Public Schools in Brittanje het 'n "Ruling Class" voortgebring wat 'n enorme ryk tot stand gebring het deur veral inheemse bevolkings aan gesag te onderwerp. Hiervan is die Ashanti en Afgaanse veldtogte voor 1880 'n sprekende voorbeeld. Hierdie "Ruling Class" het 'n onwrikbare lojaliteit en blinde waagmoed aan die dag gelê, met die minimum verbeelding en oorspronklikheid. Colley was 'n onafskeidbare deel van hierdie sisteem. Gedagtig aan die Boere se manier van veg en die feit dat hulle in die oë van die Engelse hoërstand blote boere was, was hy seker dat hulle nie in staat was om hom te dwarsboom nie. Elke keer moes Colley egter die aftog blaas (hoewel hy byna by Laingsnek sukses behaal het). By Amajuba het Britse soldate op die Boere geskel en selfs enkele skote gevuur en so hulle posisie op die kruin verraai. Colley het nagelaat om teen hulle op te tree. Was hierdie houding die gevolg van swak leierskap, of was sy minagting van die Boere so sterk dat hy gedink het dat dit tog nie saak maak nie?

Vir meer as 'n honderd jaar word daar steeds na 'n verklaring vir Colley se optrede voor en tydens die veldslag van Amajuba gesoek - sonder dat 'n bevredigende antwoord gevind kon word. Miskien hou sy laaste brief aan sy vrou die aand voor die slag tog die sleutel, en kan die afleiding gemaak word dat hy met 'n soort Wageneriaanse fatalisme sy eie en die dood van soveel ander tegemoet gegaan het.

### Samevattend

Ten spyte daarvan dat Colley nooit voorheen troepe aangevoer het nie, kan sy gedrag by Laingsnek, Schuinshoogte en Amajuba nie uitsluitlik aan gebrek aan ervaring toegeskryf word nie. Wat hy by Amajuba gedoen het, is verbasend. Die bronne is dit eens dat hy minstens eenmaal, moontlik tweemaal, gedurende die aanval aan die slaap geraak het. Toe hy gewek is, was sy reaksie telkens nie dié van iemand wat behoorlik wakker is nie. Waaraan hierdie toestand toegeskryf moet word, is nie duidelik nie. Was dit as gevolg van 'n kombinasie van depressie en die nadraai van die sopies jenever wat hy en die oorlogskorrespondent op 'n leë maag vroeg in die oggend na 'n strawwe klim teen die berg uit gedrink het? Ten spyte van die beskikbare verslae, bly dit steeds moeilik om te bepaal wat Colley se gemoedstoestand was. Die sterkste aanduidings is egter dat hy van die oomblik dat Romilly gewond is, kontak met die werklikheid verloor het.

Waaroor daar geen onduidelikheid is nie, is dat sy optrede die oorsaak van 286 Britse ongevallen oor enkele ure was.